## VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Hartlik geluk aan die lidmate wat DV gedurende hierdie week hulle verjaardae vier! Saam met u dank ons die Here vir sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot eer van sy Naam!

| | | |
|---|---|---|
| Di | 16/09 | **Sybrand van der Merwe**, Wyk 7 |
| Wo | 17/09 | **Rudy van der Spoel (84)** Wyk 4 |
| | | **Emma Jooste (6)** Wyk 8 |
| Do | 18/06 | **Elsa Reinecke (80)**. Wyk 2 |

**Bede met meelewing:** Psalm 128: 4

### DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

**Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.**

Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**

Bank: Potchefstroom.

## DIAKONIE SE KOSKAS

**Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.**

Cup a soup, min noedels, koffie, tee, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaak-koeldrank. Mieliemeel. Skottelgoedseep, toiletpapier.

*(Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram).*

**Pret-en-Pizza jeugaksie 4 Oktober**



# Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 41, nr 31 Sondag 14 September 2025
**REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422**
rudynell@telkomsa.net

**Eredienste**: 09:30 en 17:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
**Kantoor 018 294 4600** **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
**Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za
**Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384** **E-posadres:** kantoor@gkpotchefstroom.co.za

**Diensbeurt by eredienste:**
**Ouderling:** Wyk 13 **Paul Schutte. Diaken:** Wyk 13 **Vakant**
**Skinkbeurt: Wyksusters 2 en 3, Elsa Reinecke en Dina Coetsee**

**EREDIENSTE** Albei dienste word gelei deur ds. Jannes van Dyk.

***Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers***

**Oggenddiens om 9:30 en aanddiens om 18:00**
**Eredienste ook per whatsapp.**

**OGGEND: Woordbediening:** 1 Samuel 22:8-23.
**Fokusverse:** 1 Samuel 22:23.
**TEMA:** ***By die Gesalfde van die HERE is jy veilig - jy deel in sy salwing!***
**Sing:** Psalm 31: 4; Psalm 31:1, 5; Skrifberyming 9-1:1; Skrifberyming 9-1:11; Psalm 108:3, 4; Skrifberyming 1-6:1, 2.
**Sing met meelewing:** Psalm 128: 4.

**AAND om 18:00:**
**Woordbediening:** 1 Petrus 1: 22- 2:10; Hebreërs 5:1-6:12.
**Fokusvers:** 1 Petrus 2: 2; Hebreërs 6: 1
**Belydenis:** Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 3&4, paragraaf 17b.
**TEMA:** ***God bewerk die wedergeboorte in sy uitverkorenes deur die evangelie en wil dat hulle die bediening van die evangelie nie moet verwaarloos nie (2).***
**Sing:** Psalm 111:1, 3; Psalm 34:2, 3; Psalm 34:4; Psalm 145:1, 9; Skrifberyming 19-3:1, 2, 3(25) (melodie Psalm 134; na die wegstuurseën).

**KOLLEKTES VANOGGEND: Diens van Barmhartigheid** in die **BLOU** sakkies en in die ROOI sakkies vir **die** *Bystandsfonds vir Diakonie* Volgende week – Uitdra van die Evangelie
**VANAAND: Diens van Barmhartigheid** (BLOU) en **Kerkkas** (ROOI).

## LIEF EN LEED   *OOG VIR MEKAAR*

**MEEGEVOEL**

Ons betuig ons innige meegvoel met broers en susters wie se geliefdes in die Here ontslaap het. Ons is saam met u ons Here dankbaar dat ons seker mag weet hulle wat vir die Here geleef het, ook vir Hom gesterf het en of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here. Ons betuig ons innige meegevoel met **Nelis en Dina Coetsee**. 'n Stiefbroer van Nelis is oorlede. Ons bid Nelis-hulle en hulle geliefdes ryke vertroosting toe.

**VOORBIDDING**

Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

**Dina Coetsee** het Dinsdag 'n geslaagde prosedure ondergaan. Ons bede is dat sy volkome mag herstel en lewenskwaliteit sal geniet.

**Magda Opperman** sterk steeds aan in die Versorgings-eenheid van Huis Eikelaan. Ons bede vir haar en Flippie is dat sy spoedig haar kragte sodanig sal terug ontvang dat sy ontslaan kan word

**André Joubert** moet Woensdag 'n opvolgbesoek by die pulmonoloog bring. Ons bede is dat André elke dag met nuwe krag versterk mag word en lewenskwaliteit mag geniet.

Ons doen graag voorbidding vir **Hendrien Venter**. 'n Broer van Hendrien is ernstig siek in die intensiewe sorgeenheid van 'n hospitaal in Pretoria. Mag ons hemelse Vader in hierdie tyd aan u sy vrede gee om oor u hart en gedagtes te waak.

**DANKBAARHEID** Ons deel in die dankbaarheid en vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het. **Wilmarié du Plessis** het verlede week 'n geslaagde prosedure in Pretoria onder-gaan. Saam met Wilmarié is ons dankbaar dat ons Here in sy voorsienigheid ook vooruitgang in die mediese wetenskap gee dat daar soveel nuwe tegniek aangewend kan word tot die lewenskwaliteit van sy kinders.



## ALGEMENE AFKONDIGINGS

**DAGBOEK**

| Dag | Datum | Tyd | Aktiwiteit | Vergaderplek |
|---|---|---|---|---|
| Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak. | | | | |
| Di | 16/09 | 15:00 | Bybelstudie: Huis Eikelaan | Rooi sikamer |
| | | 08:30 | Predikantebyeenkoms | |
| | | 10:30 | Teologiese studente | Bovertrek |
| | | 18:00 | Klassis Potchefstroom vergader | GK Buffelsdoorn |
| Wo | 17/09 | 18:00 | Bybelstudie: 2 Korintiërs Studie 1 | Konsistorie |
| Do | 18/09 | 10:30 | Bybelstudie: 2 Korintiërs 1: 1 - 10 | Kerksaal/ Konsistorie |
| Vr | 26/09 | 17:30 | **Gemeente-aand en hamburgers, pannekoek** | Kerkterrein |
| Wo | 01/10 | | **RIBBURGERS** | kerksaal |

**KATKISASIE**

Ons katkisasiewerksaamhede hervat na die Lentereses met Les 20 vir beide hoër- en laerskoolgroepe. Ons bid ons jong-mense die seën van die Here op die toetsreekse toe.

**BYBELSTUDIE**

- Bybelstudie Dinsdag om 15h00 by Huis Eikelaan in die rooi sitkamer. Almal is welkom.
- Woensdagaand 17 September om 18:00 in die konsistorie (studie 1 van 2 Korintiërs uit Voëlvlug deur die Boeke van die Nuwe Testament van prof. GJC Jordaan).
- Donderdagoggend 18 September om 10:30 in die kerksaal: Troos na Trauma, 2 Korintiërs 1:1-10.

**WAT VAN 'N KOPPIE TEE/KOFFIE?**



Die Susters van wyke 2 en 3 nooi almal uit om na die erediens 'n koppie tee of koffie in die kerksaal te kom geniet.



**Roeping tot die besondere dienste**

Op die vergadering van Sondag 7 September het die ouderlinge en die diakens besluit om die volgende broers ter approbasie aan die gemeente voor te hou vir dienswerk in die besondere dienste:

As ouderling (fokus senior lidmate woonagtig in die dorp): Gerrit Badenhorst.

As diakens: Riaan Schutte en Ruan van Heerden.

---

**BEPLANNING 2026**

Die Beplanningskommissie van die kerkraad vergader op 30 Oktober. Al lyk dit nog ver in die toekoms, moet *al* die datums vir 2026 (alle kommissies en ook al die susters-aktiwiteite) teen daardie stadium gereed wees vir die 2026 kalender. U word gevra om asb. in die volgende twee maande aan u beplanning vir 2026 dringend aandag te gee, en dit betyds na die kerkkantoor deur te gee.

---

**VERLOF: MALIE WYMA**

Malie Wyma sal tot 16 September met verlof uitstedig wees. Stuur asseblief u afkondigings vir hierdie tyd voor Donderdae 12:00 na ds. Jannes *(jannes.vandyk@gmail.com)*. Probeer asb. om e-pos te gebruik omdat oproepe nie altyd beantwoord kan word nie, en WhatsAppboodskappe raak maar weg tussen al die ander boodskappe.

## *HAMBURGERBRAAI*




**Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai**

VRYDAGAAND
26 SEPTEMBER



Ons kuier gesellig saam vanaf 17:30 by die saal.
Vir 'n bestelling bel Pieter by die kerkkantoor
☏ 018 294 4600 of ☏ 082 923 1384



**R 35** per hamburger. Pannekoek **R 5.** **Worsbroodjies R 35**



## Pret-en-Pizza jeugaksie 4 Oktober

Jongmense van die gemeente en hulle ouers word almal uitgenooi na'n speletjiesoggend vir die hele gesin op Saterdag 4 Oktober vanaf 09:00 op die kerkterrein. Ons gaan nie net baie lekker speel nie, maar ook ons eie pizzas bou! Jy is ook welkom om vriende saam te nooi. Vra vir Mamma of Pappa om voor Vrydag 26 September vir tannie Marli (079 166 9720) of tannie Yolandé (084 597 8903) te laat weet as julle dit gaan bywoon.

---

**HUWELIKSHERDENKINGS**

Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van ons broers en susters wat in die komende week hulle huweliks-herdenkings vier. Donderdag 18 September is **Loffie en Tillie Eloff** 42 jaar getroud. Mag ons Here u steeds met sy genade vervul en gee dat u in alle godsaligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe (huweliksformulier)

